**HOËRSKOOL JOHAN JURGENS**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**GRAAD 10 – 2025**

**TAAK 9 - VRAESTEL 1**

**EKSAMINATOR: N. DUVENAGE** **TYDSDUUR: 2 UUR**

**MODERATOR: N. BRUWER** **TOTAAL: 80 PUNTE**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taal (40)
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinkonstruksie.
8. Beplan jou tyd só:
   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 50 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

**LAAITIE VAN DE AAR SE RUGBYDROOM KRY VLERKE**



1 ŉ 12-jarige rugbyspeler, Eliah Rapuling van De Aar, is een tree nader aan sy Springbokdroom. Vir Eliah Rapuling is rugby ŉ ontvlugting van die pyn en verlies wat hy reeds op ŉ jong ouderdom ervaar het. Sy droom vir ŉ rugbyloopbaan het reeds op ŉ jong ouderdom vlamgevat.

2 Sy sussie is in 2020 op net sewe maande oorlede, op sy ma Marcia se verjaarsdag. Hy was maar net ses jaar oud en moes sy eie pad vind om die verlies te verwerk. Rugby het vir hom ŉ veilige hawe geword en ŉ rugbyveld die plek waar hy kon groei en genees.

3 Luca, sy boetie, moes op die ouderdom van agt maande ŉ operasie ondergaan, maar het genoegsaam herstel om ook rugby te kan speel. Eliah se skopvernuf is tydens ŉ o/12-rugbytoernooi in Junie raakgesien toe hy vir Griekwas in Klerksdorp gespeel het. ŉ Paar weke later is hy ingelig dat hy by die Italië-rugbytoergroep ingesluit is wat in Desember vir ŉ week lank in Parma sal toer.

4 Dié toer is deur *Blue Runnings Sport International* gereël, ŉ organisasie wat die ontwikkeling van jong atlete bevorder. Hier sal hulle teen die wêreld se toprugbyskole speel en ŉ afrigtingskliniek deur die bestuurspan van die Italiaanse rugbyklub *Zebre* bywoon en die tuiste van *Ferrari* in Maranello besoek. Hulle sal ook ŉ Rugbykampioenskapwedstryd bywoon.

5 Dit kos R96 000 en sy ouers sê hulle gaan alles in hul vermoë doen om dié droom waar te maak. "Dit is ŉ kans waarvoor ek hard gewerk het. Dit gee my ook die kans om internasionale blootstelling op te doen. Soos ek na die foto's van Italië kyk, raak ek elke dag meer opgewonde. Die tyd moet vinnig vlieg."

6 Sy pa, Ebrahim, self nog ŉ rugbyspeler by ŉ klub in De Aar, het Eliah alles van die sport geleer. "Van kleins af het ek naweek na naweek langs die veld na my pa gekyk. Behalwe vir Mamma, is my pa een van my grootste ondersteuners." Die jong man is verlede jaar as sy skool se agterspeler van die jaar aangewys en het die o/7-, o/9- en

o/11-span as kaptein gelei – ŉ bewys van sy toewyding, leierskap en sportmangees.




7 Hy kan ook binnesenter speel, maar sy voorkeurposisie is losskakel en wanneer hy ŉ moeilike skop deur die pale moet skop, haal hy ŉ paar keer diep asem. "Dit is ŉ stresvolle posisie. Soos ons almal teen hierdie tyd weet, is ŉ skop ŉ maak of breek in ŉ wedstryd. Ek stres al hoe minder oor my skopwerk en skop al hoe beter vanuit die hoekie uit."

8 Hy wil graag eendag met sy rugbyhelde soos Handré Pollard en Damian Willemse bladskud. "Dit sal die *coolste* ding ooit wees." Sy ma Marcia sê sy kry steeds trane in haar oë wanneer haar seuns op die veld draf.

*[Verwerk uit Maroela Media,20 Julie 2025]*

1.1 Haal EEN woord uit die titel aan wat vir ons wys watter sport Eliah beoefen. (1)

1.2 In watter dorp bly Eliah? (1)

1.3 "Sy droom vir ŉ rugbyloopbaan het reeds op ŉ jong ouderdom <u>vlam gevat</u>." (par. 1)

1.3.1 Word die bogenoemde onderstreepte gedeelte LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord in 1.3.1 deur na die betekenis van die beeld te verwys. (1)

1.4 Herlees paragraaf 2.

Die rugbytoernooi in Italië is slegs vir Suid-Afrikaanse spelers.

Motiveer waarom die bostaande stelling ONWAAR is deur EEN WOORD aan te haal. (1)

1.5 Herlees paragraaf 2 en 3.

Hoe het Eliah se gesondheid van sy boetie en sussie s'n verskil? (1)

1.6 Watter belangrike rol het rugby in 2020 in Eliah se lewe gespeel? (1)

1.7 Vir watter rugbyspan het hy in die o/12-toernooi in Junie gespeel? (1)

1.8 Wat is die doel van die *Blue Runnings International* organisasie? (1)

1.9 Herlees paragraaf 5. (1)

Waaruit kan daar afgelei word dat die spelers nie net in Italië gaan rugby speel nie, maar ook gaan leer hoe om hul spel te verbeter?

1.10 Dink jy dit is reg dat kinders reeds op so jong ouderdom kompeterend rugby speel? Motiveer jou antwoord. (1)

1.11 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.11) neer. (1)

"Die tyd moet vinnig vlieg" (par. 6) beteken ...

A die tyd moet vinnig verbygaan.
B die tyd moet stilstaan.
C die tyd is op 'n horlosie.
D die tyd is nie belangrik nie.

1.12 Wie het vir Eliah leer rugby speel? (1)

1.13 Wie is Eliah se grootste twee ondersteuners? (2)

1.14 Watter DRIE uitsonderlike prestasies het Eliah die afgelope drie jaar in sy rugbyloopbaan bereik? (3)

1.15 Kies die regte antwoord tussen hakies. (1)

Eliah hou die meeste daarvan om (binnesenter/losskakel) te speel.

1.16 Herlees paragraaf 9. (1)

Hoekom, dink jy, word daar gesê dat 'n skop 'n wedstryd kan maak of breek?

1.17 a) Wie is Eliah Rapuling se TWEE helde (2)

b) Dink jy dit is belangrik dat jongmense vandag nog goeie helde het? Motiveer jou antwoord. (1)


1.18 Herlees paragraaf 10. (1)

Waarom, dink jy, kry Eliah se ma trane in haar oë wanneer haar seuns op die veld draf?

**[24]**

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




*[Verwerk uit Netwerk 24,6 September 2025]*

1.19.1 Waarom, dink jy, is die invoeging van die woord "eina" doeltreffend? (1)

1.19.2 Op watter manier word die woord "eina" beklemtoon? (1)

1.20 Waarom, dink jy, het die man sy naels gekou? (1)

1.21 Waaruit kan ons aflei dat die man by A 'n Springbokondersteuner is? (1)

1.22 Noem TWEE visuele bewyse dat die man by B 'n dokter is. (2)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**INSTRUKSIES**

1. Som SEWE wenke **HOE OM JOU SPORTPRESTASIE TE VERBETER** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die wenke puntsgewys neer.
3. Nommer die wenke 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**Hoe om jou sportprestasie te verbeter**

Om sukses in sport te behaal, verg toewyding, dissipline en ’n gesonde leefstyl. Baie jong mense dink talent is genoeg, maar harde werk en goeie gewoontes maak dikwels die grootste verskil. Om voluit te kan presteer, moet ’n sportspeler elke dag daarna streef om sy of haar liggaam en verstand sterk te hou.

Eerstens is gereelde oefening noodsaaklik. Dit help om spiere te versterk, uithouvermoë te verbeter en vaardighede te slyp. Tweedens is gesonde eetgewoontes belangrik. ’n Gebalanseerde dieet met genoeg vrugte, groente en proteïene gee energie vir oefening en herstel na wedstryde.

Nog ’n belangrike aspek is genoeg water en slaap. Dehidrasie en moegheid beïnvloed konsentrasie en prestasie negatief. ’n Goed uitgeruste liggaam reageer vinniger en herstel vinniger van inspanning.

Sport gaan egter nie net oor fisieke krag nie. Goeie sportmangees en respek vir ander spelers is kernwaardes in enige span. Om saam te werk, positief te bly en teenstanders met respek te behandel, bou ’n sterk sportkultuur.

Laastens moet sportlui realistiese doelwitte stel en na hul liggame luister. Oor-oefening kan tot beserings lei. Deur balans te handhaaf, kan elke speler volhoubare sukses bereik, op én buite die speelveld.

*[Verwerk uit: SportsAktueel, 12 Maart 2025]*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS D**




*[Aangepas vanaf: Cambridge Blue Academy. (2014). 2014 Rugby Camp]*

3.1 Met wie word daar dirék in hierdie advertensie gepraat? (1)

3.2 Skryf die AFKORTING tussen hakies voluit as 'n woord. (1)

3.3 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.4) neer. (1)

Wat wil die adverteerder met die woorde "**Beperkte plekke per kamp**" bereik?

Hulle wil hê die leser moet ...

A meer as een plek bespreek.

B dadelik 'n plek bespreek.

C die laaste plek bespreek.

D vir die kamp bespreek.

3.5 Gee die SINONIEM vir die woord tussen hakies. (1)

3.6 Noem TWEE TEGNIEKE wat die adverteerder gebruik om die leser se aandag te trek. (2)

3.7 Watter belangrike inligting het die adverteerder weggelaat? (1)

3.8 Verduidelik waarom ons kan sê dat hierdie advertensie 'n voorbeeld van STEREOTIPERING is as daar na die prentjie gekyk word. (1)

3.9 Sal jy aan so kamp wil deelneem? Motiveer jou antwoord. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

**NEELSIE EN MEESTER**




*[Bron: https://www.facebook.com/Meester]*

4.1 Kyk na RAAMPIE 1.

4.1.1 Watter sport speel Neelsie? (1)

4.1.2 Noem EEN VISUELE teken as bewyse vir jou antwoord in VRAAG 4.1.1. (1)

4.1.3 Benoem die LEESTEKEN wat in die raampie voorkom. (1)

4.1.4 Wat is die FUNKSIE van die leesteken in VRAAG 4.1.3 genoem? (1)

4.2 Wat kan jy aflei oor hoe Neelsie oor Meester voel? (1)

4.3 Kyk na RAAMPIE 3.

4.3.1 Wat doen Neelsie in die RAAMPIE 3? (1)

4.3.2 Dink jy Neelsie het Meester se instruksies reg verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)

4.3.3 Dink jy Meester sal trots wees as hy sien wat Neelsie doen? (1)

4.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies. (1)
"Om dieper te staan…" in RAAMPIE 3 beteken die span moet (voor op die veld staan/agter op die veld staan).

4.5 Identifiseer die VOORNAAMWOORD in RAAMPIE 3. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en prent (TEKS G) gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**DIE GROOT (5.1.1) (ATLETIEK+DAG)**



(5.1.2) Vandag is die groot atletiekdag by ons skool. (5.1.3) Al die leerlinge het vroeg … die oggend op die sportveld byeengekom. Die son het (5.1.4) (helder) geskyn en ‘n (5.1.5) (ligte/lugte) wind het die hitte bietjie verlig. Ek het aan die 100-meter- en 800-meter-resies deelgeneem.

My (5.1.6) (hart) het vinnig geklop toe ek by die beginlyn gestaan het, maar ek het my asemhaling diep gereguleer, gefokus en alles gegee. Die (5.1.7) (100)-meter-resies het baie (5.1.8) (vining) verbygegaan, en ek het ‘n persoonlike rekord behaal. (5.1.9) Die gevoel van trots en opwinding het my laat glimlag. Ek het die wenstreep oorgesteek.

(5.1.10) Ek het ook aan die 800-meter-resies deelgeneem. Ek was moeg en my bene het soms gevoel asof hulle nie meer wou beweeg nie, maar my vriende en onderwysers het my hard toegejuig en aangemoedig. Ek het nie opgegee nie en het die resies voltooi met ‘n glimlag op my gesig, selfs al het ek baie gesweet. (5.1.11) Na afloop van die resies by die skool in Kaapstad, het almal water gedrink, gesels oor die medaljes en gefokus op wie die volgende resies gaan wen. Ek het baie geleer oor deursettingsvermoë, geduld en spanwerk.

(5.1.12) Sport leer jou (geduldig wees). Ek kan nie wag vir die volgende atletiekdag nie, want ek wil weer my beste gee, my (5.1.13) (vaardighede) verbeter en dalk selfs ‘n medalje wen. (5.1.14) Alle atlete sê: “Oefening, deursettingsvermoë en samewerking is altyd die sleutel tot sukses ”. Ek sien uit daarna om alles wat ek geleer het, weer toe te pas.

*[Verwerk uit: Talkpal, Augustus 2022]*

5.1.1 Gee die korrekte SAMESTELLING van die woord tussen hakies. (1)

DIE GROOT (ATLETIEK+DAG)

5.1.2 Skryf die sin in die VERLEDE TYD. (1)

Vandag is die groot atletiekdag by ons skool.

5.1.3 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in. (1)

Al die leerlinge het vroeg … die oggend op die sportveld byeengekom.

5.1.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. (1)
Die son het (helder) geskyn en ‘n ligte wind het die hitte bietjie verlig.

5.1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit die tussen hakies. (1)
Die son het helder geskyn en ‘n (ligte/lugte) wind het die hitte bietjie verlig

5.1.6 Gebruik die HOMOFOON van die woord tussen hakies in ‘n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)
My (hart) het vining geklop toe ek by die beginlyn gestaan het.

5.1.7 Skryf die GETAL tussen hakies as ‘n woord. (1)
Die (100)-meter-resies het baie vining verbygegaan, en ek het ‘n persoonlike rekord behaal.

5.1.8 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies. (1)
Die 100-meter-resies het baie (vining) verbygegaan, en ek het ‘n persoonlike rekord behaal.

5.1.9 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. (1)
Die gevoel van trots en opwinding het my laat glimlag. Ek het die wenstreep oorgesteek. (toe)

5.1.10 Skryf die sin hieronder oor as 'n VRAAGSIN.

Ek het ook aan die 800-meter-resies deelgeneem.

5.1.11 Identifiseer die EIENAAM in die volgende sin. (1)
Na afloop van die resies by die skool in Kaapstad, het almal water gedrink, gesels oor die medaljes en gefokus op wie die volgende resies gaan wen.

5.1.12 Skryf die sin in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit. (1)
Sport leer jou (geduldig wees).

5.1.13 Verdeel die woord tussen hakies korrek in LETTERGREPE. (1)
Ek kan nie wag vir die volgende atletiekdag nie, want ek wil weer my beste gee, my (vaardighede) verbeter en dalk selfs ‘n medalje wen

5.1.14 Skryf die sin in die INDIREKTE REDE. Jy moet **dat** in jou sin gebruik. (1)

Alle atlete sê: "Oefening, deursettingsvermoë en samewerking is altyd die sleutel tot sukses ".

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




*[Bron: https://depositphotos.com/vector/champion-cartoonl]*

5.2.1 Skryf die sin hieronder oor in die korrekte WOORDORDE. (1)
Die spelers lyk (baie gelukkig.) (na die wedstryd) (vandag)

5.2.2 Skryf die sin oor in die ONTKENNING. (1)
Die sokkerspan het die wedstryd gewen.

5.2.3 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies (1)

Die sokkerspan is die (goed) span.

5.2.4 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM. (1)
Die sokkerspan wen die beker.

5.2.5 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies. (1)
Die (spelers) hou die trofee in die lug.

5.2.6 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. (1)
Die sokkerspan moet nog baie (wedstryd) speel.

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**